

Eskatologie en utopie. Bybelse en New Age-toekomsverwagting

J.H. van Wyk
Departement Dogmatologiese Vakke
HTS / PUCHO
POTCHEFSTROOM

Abstract

In this article the author compares the utopian views of the New Age cult with Biblical eschatological perspectives. The conclusion arrived at is that there are great differences between the two perspectives, yet, a negative attitude of only rejecting the New Age while emphasizing the Christian calling in a secularized world is not propagated.

1. INLEIDING: TUSSEN NEGASIE EN SPEKULASIE

Die ontdekking van die tema van die eskatologie as sentrale boodskap van die Nuwe Testament aan die begin van die twintigste eeu was 'n epogmakende gebeurtenis (Bosch, 1991:498) en is tereg met 'n teologiese aardbewing vergelyk (Weber, 1972:720) en as een van die belangrikste gebeurtenisse van die nuwere Protestantse teologie beskryf (Moltmann, 1969:26). In sy beroemde *Römerbrief* het Karl Barth hierdie motief soos volg onder woorde gebring: "Christentum, das nicht ganz und gar und restlos Eschatologie ist, hat mit Christus ganz und gar und restlos nichts zu tun" (1967:298). Daarmee was die tyd vir goed verby dat die eskatologie as 'n "slotkapiteltje" in die dogmatiek ter sprake kan kom aangesien dit die ganse teologie en die ganse lewe van die Christen van begin tot end beheers (Polman, s.j.:333).

Hierdie nuwe wending in die rigting van 'n 'teologie van die hoop' was in geen geringe mate 'n reaksie op die teologie van die Verligting (Schleiermacher) waar die eskatologie dermate verinnerlik en gespiritualiseer is dat dit feitlik tot die periferie van teologiese belangstelling verdring is (Pöhlmann, 1980:309). Immers, van die belangrikste lewensvrae waarmee die teologie hom besig hou, handel oor die *vanwaar* en die *waarheen*, oor die begin en die einde, die protologie en die eskatologie. Hier tussenin staan die *hoe*-vraag, en daarmee verbind, die *waarom*-vraag. Waarom is daar *iets* en nie liever *niks* nie (Schopenhauer)? Nooit kom die menslike gemoed tot rus voordat daar nie op hierdie vrae 'n bevredigende antwoord gevind is nie.

Eskatologiese modelle

Die opvallende is dat toe die waarde van die eskatologiese motief eenmaal ontdek is,

'n hele reeks eskatologiese modelle hulle verskyning gemaak het. Verskillende teoloë het, met meer of minder sukses dit wat eie is aan elke skematisering, probeer om hierdie modelle in kaart te bring ten einde 'n eie weg deur die eskatologiese oerwoud te probeer vind (vgl. Ridderbos, 1950:5-23; Ridderbos, 1966:23-39; Polman, s.j.:320-333; Pöhlmann, 1980:310-325; Moltmann, 1969:26-78; Ott, 1973:435-441; Heyns, 1978:414-416; Bosch, 1991:502-504; verder Willis, 1987; Hong, 1961). So is daar gewys op die immanente eskatologie van A. Ritschl (en die *Social Gospel*) en die mitiese eskatologie van E. Troeltsch, asook op die konsekwente eskatologie van A. Schweitzer en die gerealiseerde eskatologie van C.H. Dodd; verder op die dialektiese/transendentale eskatologie van K. Barth en die eksistensialistiese/kerugmatiese eskatologie van R. Bultmann; voorts op die aktuele eskatologie van P. Althaus en die teleologiese/heilshistoriese eskatologie van O. Cullmann; en, om nie meer te noem nie, op die ewolusionêre eskatologie van T. de Chardin en die rewolusionêre eskatologie van die Teologie van die Rewolusie. Basies wentel dit om die vraag of ons met 'n transendente (bo) dan wel immanente (binne), futuristiese (voor) dan wel presentiese (hier) eskatologie te doen het, of dalk met al vier tegelyk? Die vraag dring homself na vore of die meeste eskatologiese ontwerpe nie dalk in valse dilemmas vasgevang sit nie en of die teenstellings nie op 'n sinvolle manier oorbrug sou kon word nie (vgl. Berkhof, 1959:161; Pöhlmann, 1980:336; Ott, 1973:442).

By al hierdie eskatologiese modelle is daar in die jongste tyd van die kant van die *New Age-beweging* (voortaan afgekort as NAB) weer 'n nuwe bygevoeg, wat ons 'n utopiese eskatologie kan noem. Natuurlik kan die vraag met reg gestel word of ons hier werklik met 'n *nuwe* model te doen het en of dit nie maar weer die herlewing is van 'n baie *ou* model nie (vgl. Schulze, 1989); verder of dit inderdaad 'n teologiese model is, aangesien die NAB 'n komplekse beweging is wat uit haas alle godsdienste temas en motiewe oorgeneem het (Verkuyl, 1989:26-28).

Die *New Age*-beweging

Soos bekend is die NAB gebore uit 'n verontrusting oor die kultuurkrisis waarin die wêreld hom tans bevind (vgl. Capra, 1983), 'n wêreld wat vasgevang sit in 'n staalgreep van rasionalisme, sciëntisme, tegnisme en dualisme (Veenhof, 1990:84-85; Verkuyl, 1989:55, 86). Daar is 'n soeke na eenheid en heelheid, transendensie en holisme. En hierin word die mens nou wonderlik van buite gehelp deur die astrologie wat aantoon dat die sterrebeeld gaan verander van die *old age* van die Pisces of Visse na die *new age* van Akwarius of Waterman (vgl. Ferguson, 1980, 1989). Die mensdom staan op die oorgang van 'n ou na 'n nuwe tydperk, van 'n tydperk van polarisasie na 'n tydperk van harmonie, van 'n tydperk van oorlog na 'n tydperk van vrede (Matzken, 1990:15-17; Ouweneel, 1988:393). Interessant genoeg dat ons hier aan die einde van die twintigste eeu presies dieselfde verskynsel terugvind wat hom teen die einde van die negentiende eeu voorgedoen het, naamlik 'n ongekende kultuuroptimisme en vooruitgangsgeloof. Dit is bekend dat die vooruitgangsgeloof van die negentiende eeu wreed versteur is deur die twee vernietigende wêreldoorloë van die twintigste eeu.

Dit is nie my doel om die totale 'teologie' van die NAB te ontleed nie maar om na hierdie beweging veral vanuit die hoek van toekomsverwagting te kyk. Daarom sal daar nie breë aandag bestee word aan die panteïsme (wat Verkuyl myns insiens foutiewelik met pankosmisme identifiseer, 1989:19 (vgl. Stoker, 1970:12)) en antropoteïsme van die NAB nie (Verkuyl, 1989:19-26). Natuurlik is dit vir die Bybelse eskatologie van die uiterste belang hoe daar oor God en mens, sonde en genade, hemel en aarde gedink word. As die kosmos, en dus ook die mens, vergoddelik word, en God dus ontgoddelik word; as die grens tussen God en mens uiteindelik wegval, dan het so 'n beskouing vir die eskatologie verreikende betekenis. As ons God in onself moet ontdek, as verlossing die realisering van ons innerlike goddelikheid is (Amano & Geisler, 1989:122), dan is God uiteindelik nie meer nodig vir verlossing en voleinding nie, want die mens kan dan self die verlossing en voleinding bewerk. In so 'n denkraamwerk word die plek van die sonde onduidelik, word Christus kwalik meer as 'n goeie voorbeeld (Amano & Geisler, 1989:115-117) en kom daar 'n groot vraagteken agter die werk van die Gees van God te staan.

In verband met die toekomsverwagting van die NAB moet een aspek egter nog nader uitgelig word en dit is die aanvaarding van *reïnkarnasie* (vgl. veral S. MacLaine, 1983, 1985). Hierdie leer hou in dat die mens deur baie lewens heen en oor 'n baie lang tydperk deur middel van baie reïnkarnasies heengroei na die goddelike einddoel. In hierdie verband is die leer oor *karma* (lewenswandel) van die uiterste belang. Volgens die harde kousaliteitswet van karma bring goeie karma altyd heil en slegte karma altyd onheil. Ons huidige bestaan is die somtotaal van vorige lewens en so kry die mens telkens weer 'n kans om in 'n ander liggaam sy eie heil uit te werk of te boet vir wat hy verkeerd gedoen het.

Ongeag die feit dat die NAB 'n groot belangstelling vir kosmiese vraagstukke openbaar, is dit hieruit duidelik dat sy toekomsverwagting sterk individualisties, antroposentrië en psigologies gerig is: dis telkens die siël van die individuele méns wat inkarneer (vgl. Jager, 1962:566). Voeg hierby die harde legalisme (die mens moet homself verlos), die miskenning van die sonde (Amano & Geisler, 1989:44-45) en die ontsnapping aan die oordeel (Heb. 9:27), en dis duidelik dat die juk wat hier voorgelê word veel harder is as dié van Christus (Matt. 11:29-30). Waarom moet vasgehou word aan die harde kousaliteitswet van karma en nie aan die verlossende liefde van God in Christus nie, en waarom moet alle skuld van almal aan almal geboet en nie uit genade vergewe word nie (Küng, 1983:76, 77)?

Die befaamde Nederlandse teoloog, A.A. van Ruler (1972b:111), het dikwels die woorde *verhulling*, *onthulling* en *vervulling* in sy eskatologiese besinning gebruik. In wat volg, sluit ek graag daarby aan, al word die begrippe op 'n eie wyse gevul, as aanvulling by wat reeds eerder hieroor gepubliseer is (Van Wyk, 1986:25-26, 224-239).

2. ESKATOLOGIE AS VERHULLING

Met *eskatologie as verhulling* word bedoel dat ons oor die toekoms nie alles weet nie omdat alles nog nie aan ons geopenbaar is nie. Alles in verband met die 'ewige lewe' en die volle realisering van die koninkryk van God is eenvoudig nie so deursigtig soos by die NAB te vind is nie (vgl. Van der Merwe, 1981:154). "Niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie" (Matt. 24:36) en "... dit is nie vir julle om die tyd en omstandigheid te weet wat die Vader in sy eie mag bepaal het nie" (I Hand. 1:7). "Nou kyk ons nog in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is" (I Kor. 13:12). "Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie" (I Joh. 3:2).

Dit is hierdie en talle ander Skrifgegewens wat teoloë telkens daarvan weerhou het om met wilde spekulاسies oor die toekoms of tussentoestand of hiernamaals vorendag te kom (vgl. König, 1980:294-295). Nie dat dit nie telkens gebeur het nie, soos byvoorbeeld by die Chiliasme/millennialisme in sy verskillende gestaltes (vgl. Bosch, 1991:313-327), en tans ook weer by die NAB. William Miller het byvoorbeeld voorspel dat Christus teen die jaar 1843/44 sou terugkeer en die millennium dan sou begin (Bosch, 1991:316)! Die groot teologiese probleem met hierdie immanente eskatologie, soos ook by die *Social Gospel* te vind is, is dat dit uitreik na 'n *vervulling sonder veroordeling* en dat dit basies (hoewel onbewustelik) gedra word deur die groot temas van die Verligting, naamlik rasionalisme, ewolusionisme, sekularisme en optimisme (Bosch, 1991:321, 325). Dieselfde geld van die NAB.

Natuurlik is dit waar dat alles omtrent die toekoms nie een en al verhulling is nie. Natuurlik is daar baie dinge onthul en geopenbaar, reeds nou, midde in hierdie tyd en in ons wêreld. Die "misterie van die evangelie" is geopenbaar (Ef. 6:19, 3:2-6, 1:9-13). Dit is geopenbaar dat met die koms van Jesus Christus, met sy kruisiging en opstanding, en met die koms van die Heilige Gees, die koninkryk van God ingebreek het in hierdie aardse werklikheid, die toekoms het hede geword. "Maar nou, Christus is opgewek uit die dood, as eersteling uit die wat gesterf het" (I Kor. 15:20). Die opstanding van Jesus Christus is van onvervangbare betekenis vir die koms van die koninkryk. "De opwekking uit de dood is het heil in alle heil" (Van Ruler, s.j.:29, 33, 168; ook Van Ruler, 1972a:103, 105, 151; Moltmann, 1969:143; Berkhof, 1968:34). "As ons net vir 'hierdie lewe' ons hoop op Christus vestig, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense" (I Kor. 15:19).

Die werk van Christus staan natuurlik in nouste verband met die werk van die Heilige Gees. Ook van die Heilige Gees word gesê dat Hy die "eerste gawe" (deposito) van God is, die waarborg dat die Messiaanse ryk aangebreek het (Rom. 8:23; vgl. 2 Kor. 5:5; Ef. 1:14)(Gaffin, 1988:43-52). Inderdaad het met Paasfees en Pinkster God se nuwe wêreld reeds begin. En God se nuwe mense: "Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom" (2 Kor. 5:17; Jak. 1:18). Natuurlik is alles nog nie voltooi nie, maar dit jaag na die einde, nee, voleinding. Ons

sit tans nog vasgevang in die spanningsverhouding van die 'reeds' en 'nog nie', of beter, van die 'reeds' en die 'nog nie voltooid nie', want die 'nog nie' oordeel te minimaliserend oor dit wat reeds gekóm het. As God deur Christus en deur sy Gees nuwe mense geskep het, dan sê ons ook nie te veel as ons sê dat die *kerk* 'n nuwe skepping is en dat die kerk iets van 'n realisering van die koninkryk van God in hierdie wêreld is nie. In die kerk sien ons iets van dit waarmee God op weg is na die Groot Toekoms: vrede met Hom en vrede met mekaar en, ja, vrede met die skepping.

The church has an eschatological horizon and is, as proleptic manifestation of God's reign, the beachhead of the new creation, the vanguard of God's new world, and the sign of the dawning new age in the midst of the old" (Bosch, 1991:144; vgl. Van Ruler, 1971:233).

Die tekens van die tye

Wat dan van *die tekens van die tye*? Kan ons nie daaruit aflees hoe ver ons op die pad na die einde gevorder het nie? Tereg merk Berkouwer (1963:31) in verband hiermee op dat dit in die tekens nie gaan om "een chronologiese reportage" waarvolgens ons die geskiedenis kan nareken nie. Die mens wil van nature telkens te veel weet, iets wat dodelik gevaarlik is, omdat dit sy waaksaamheid kan verlam (Matt. 24:36-25:13; 2 Pet. 3). Wat wel waar is, is dat die tekens van die tye nie in 'n pessimistiese ondergangstemming verstaan hoef te word nie, 'n geneigdheid wat dikwels by die ortodoksisme en piëtisme te vind is (Bosch, 1991:504; vgl. Berkhof, 1959:165) en waar die gedagte van 'n "verloregaanse wêreld" volop aanwesig is (vgl. Jansen van Ryssen, 1956:179-180). In die tekens het ons naamlik nie te doen met 'n "begin van die smarte" nie, soos die Afrikaanse Vertaling van 1933/53 van Matt. 24:8 lui, maar met "geboortepyne, die begin van die nuwe tyd", soos die Afrikaanse Vertaling van 1983 tereg lui (vgl. Rom. 8:22). Dit word met ander woorde nie al donkerder in die toekoms nie omdat die lig wat in Christus verskyn het nooit meer uitgedoof kan word nie. Trouens, "die nag is byna verby; dit is amper dag" (Rom. 13:12)! Daar is nie net negatiewe groei in die wêreld nie maar ook positiewe groei (Berkhof, 1959:161). Die koring en die onkruid groei immers saam (Matt. 13:24-30). Die sterrebeeld van Akwarius gaan ons eger niks help om God se Groot Toekoms te ontrafel nie; dit bly verhuul tot God dit self op sy tyd aan ons onthul.

Sinergisme

Daar bestaan onder teoloë meningsverskil oor die verhouding tussen God se werk en die mens se werk ten opsigte van die eskaton. Is die voleinding puur God se werk met volkome uitskakeling van alle mensewerk of skakel hy ons werk daarby in? Soveel is duidelik dat hier geen goedkoop identifikasie mag plaasvind soos wat byvoorbeeld in die NAB die geval is nie. Tereg word daarteen gewaarsku dat ons oorhaastig óns werk met Gód se werk sal identifiseer (Bosch, 1991:509) en dat ons in 'n gees van selfoor-skatting kan dink dat ons self die koninkryk van God as verlengstuk van hierdie wêreld kan realiseer. Daar bestaan 'n groot mate van eenstemmigheid dat daar 'n korrelasie tussen die eskaton en ons menslike geskiedenis bestaan: enersyds trek die voleinding die geskiedenis aan, andersyds dring die geskiedenis na die voleinding (Velema,

1985:168; Van Ruler, 1969:219; Van Ruler, 1971:225-228; Van Ruler, 1972b:105-106). Dit is opvallend dat waar die begrip *sinergisme* ten opsigte van die soteriologie radikaal afgewys word, dit ten opsigte van die eskatologie met vrymoedigheid aangewend word (1 Kor. 3:9; Kol. 4:11; Op. 14:13; 21:24, 26; vgl. 2 Pet. 3:13), maar dan natuurlik nooit so asof die voleinding ooit van die mens afhanklik sou wees nie (Velema, 1974a:92, 93; Velema, 1974b:42; Heyns, 1986:52). God skakel die mens voluit in (Van Ruler, 1969:227, 230; Van Ruler, 1972b:116; Heyns, 1978:403), maar dit is nie aan ons geopenbaar presies hoe God ons gebroke pogings gebruik nie. "Het rijk is het visioen, de droom, waaruit we leven, het model, het patroon, waarnaar we trachten te handelen" (Van Ruler, 1972b:116). Inderdaad gaan dit nie oor 'n vervanging van ons menslike handeling nie maar oor die wyse waarop dit op God se handeling betrokke is (Berkouwer, 1974:299). In hierdie verband is dit goed om te waak teen die "sin of temerity", waar die mens se werk met God se werk vereenselwig word, én vir die "sin of timidity", waar die mens verval in passiviteit en pessimisme (Bosch, 1991:506). Eskatologie het niks te doen met passivisme nie, want wie op die "ultimate" gerig is, hou hom ook met die "penultimate" besig; "it is impossible to believe in God's coming triumph without being agitators for God's kingdom here and now" (Bosch, 1991:150). Die Christelike hoop maak die kerk tot groot "onrusstoker" in elke sameleving (König, 1975:237), omdat die kerk altyd onrustig is oor ongelooft, afgodery en sonde (vgl. Joh. 11:33; Hand. 17:16). Anders gesê: "Een ethiek zonder eschatologie is de vrome dood; een eschatologie zonder ethiek is het najagen van een ziekelijk denkbeeld" (Overduin, s.j.:6, 107; vgl. Weber, 1972:754).

In hierdie verband kom die tema van *tekens oprig* van die koninkryk dikwels ter sprake (Velema, 1974a:91). Dit lyk my 'n verantwoorde motief, solank maar in gedagte gehou word dat tekens van die *koninkryk van God opperig* word in die krag van die *Heilige Gees* (vgl. Van Wyk, 1986:26). In hierdie opsig - verhulling - staan die Bybelse eskatologie in groot spanning met die NAB wat net eenvoudig te veel wêét wat die toekoms inhou, 'n goue millennium van vryheid en vrede en van nimmereindigende sielsverhuising. Die Bybelse eskatoloog praat met groot verwagting maar ingehoue oor die toekoms en hy waag dit nie om méér te wil sê of weet as wat God in sy Woord geopenbaar het nie.

3. ESKATOLOGIE AS ONTHULLING

Dit is uit bogenoemde duidelik dat die Christelike lewe onherroeplik toekomsgerig is. "Iemand wat die hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk na wat agter is, is nie geskik vir die koninkryk van God nie" (Luk. 9:62). Eskatologiese verwagting roep om 'vorentoe kyk', om 'n losmaak van wat agter is en 'n uitstrek na wat voor is (Fil. 3:13; vgl. Pred.7:10; Jes.43:18). Wat ons verwag en waarna ons op pad is, is egter nog in 'n groot mate verhuul en wag op onthulling, ontsluiting (apokalips) en openbaarmaking (vgl. Berkouwer, 1974:287-293). Die skepping wag "met uitgestrekte nek" na die "openbaarmaking" van die kinders van God, en die skepping sal self ook eenmaal bevry word van sy verslaving aan die verganklikheid om so tot die vryheid te kom wat

hoort by die heerlijkheid van die kinders van God (Rom. 8:19, 21). Wanneer Christus weer verskyn, sal die gelowiges saam met Hom verskyn "en in sy heerlijkheid deel" (Kol. 3:4). "Omdat julle glo", skryf Petrus, "word ook julle deur die krag van God veilig bewaar vir die saligheid wat reeds gereed is om aan die einde van die tyd geopenbaar te word" (1 Pet. 1:5).

Eenmaal word "die boeke geopen" (Op. 20:12) en word alles openbaar gemaak (vgl. Luk. 8:17). Eenmaal vind die groot Apokalips plaas en word die *sonde* in sy genade-loosheid onthul en die *genade* in sy bevrydende aard. Die Here sal die dinge wat in duisternis verborge is, aan die lig bring en die bedoelings van die hart blootlê en elkeen sal dan van God die lof ontvang wat hom toekom (1 Kor. 4:5). Die dag wanneer Christus kom, sal elkeen se werk aan die lig kom (1 Kor. 3:13). Ons sal voor die regterstoel van Christus verskyn sodat elkeen kan ontvang volgens wat hy tydens sy aardse lewe gedoen het, of dit nou goed was of kwaad (2 Kor. 5:10). Die sonde sal in sy naakte werklikheid ontbloot, finaal geoordeel en opgehef word. Aan die ander kant sal die oneindige genade van God in Christus in al sy helderheid aan die lig tree. Christus se tweede koms staan nie (net) in verband met die sonde nie, "maar om verlossing te bring vir dié wat Hom verwag" (Heb. 9:28). Die goeie en getroue slaaf sal dan die genadewoord hoor: "Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom in en deel in my vreugde!" (Matt. 25:21; vgl. HK 19:52).

Die oordeel van God

Tussen die verhulling en onthulling staan egter die *oordeel van God* (Hand. 17:31) en dit is juis hierdie oordeel wat elke goedkoop en voorbarige kultuuroptimisme, ook dié van die NAB, by die wortel afsny (vgl. Floor, 1979). Die Bybel ken geen vrederyk wat buite om en los van die oordeel van God, dus sonder loutering en reiniging, sal aanbreek nie. Sulke denke verraai die droombeeld van sir Thomas More se *Utopia* (1516), daardie denkbeeldige en onbereikbare eiland met sy volmaakte samelewing. Geen volmaakte samelewing is bereikbaar sonder 'n finale oordeel, sonder 'n finale skeiding tussen kaf en koring, goud en grond nie. Juis dit was so kenmerkend van die valse profete in die Ou-Testamentiese bedeling: dat hulle 'n vredestryd sonder 'n gerigstyd voorspel het (Jer. 7 & 28). Daarom word elke vooruitgangsgeloof getemper deur wat genoem word 'n 'eskatologiese voorbehoud': hierdie ou skepping gly nie sommer so skokvry oor in die nuwe skepping nie en al ons menslike kultuurprestasies lewer nog nie voldoende boustene vir die nuwe Jerusalem nie. Niks en niemand kan die oordeel vryspring nie, al is dit waar dat die uitverkorenes daardie oordeel met vrymoedigheid tegemoet kan gaan (HK 19:52) en selfs - *vanuit Christus* - bely dat hulle "nooit in die strafgerig van God sal kom nie" (HK 21:56; Joh. 3:18, 5:24; Rom. 8:1)!

Die hel

Die donkerste konsekwensie van hierdie oordeel is - vanweë die mens se sonde - die hel. Teen die realiteit van die hel het daar altyd - maar veral in die jongste tyd - veel verset gekom. Die ateïstiese filosoof B. Russell vind dit ondenkbaar dat enigeen wat

waarlik inniglik menslik is, in 'n ewigdurende straf kan glo. Die teoloog H. Berkhof (1973:554) spreek die hoop uit dat die hel 'n "louteringsproses" sal wees. Oteenseglik is die hel 'n pyn vir die brein, maar die kerugma van die Nuwe Testament is te duidelik dat die realiteit daarvan nie in vrees en bewing aanvaar sal word nie (König, 1990:233, Heyns, 1978:412; Bavinck, 1930:690-697; Wentsel, 1987:744-748). Die *verband* waarin dit ter sprake kom is egter van groot belang (Van der Merwe, 1981:164-165). "De hel is een materialisatie van eigen zonde en schuld" (Noordmans, 1980:219). So 'n siening is aan die NAB volkome vreemd.

Die toekomsverwagting van die gelowige reik egter deur die oordeel heen. Anderkant die oordeel wag 'n nuwe daeraad. Die wêreld gaan deur die oordeel heen (Velema, 1974a:93; Van Ruler, 1971:239;1972b:116; Berkhof, 1959:170-171; 1968:27, 30, 43)!

Die Bybelse eskatologie word nie gedra deur *pessimisme* (wanhoop) of *optimisme* (utopie) nie, omdat albei houdings deur basies dieselfde motivering gekenmerk word, naamlik 'n humanistiese toekomsverwagting. Hierteenoor is die Christelike eskatologie veeleer *spesimisties* (van die Latynse *spes* wat *hoop* beteken) omdat dit gedra word deur die vaste verwagting dat die lewende God sy beloftes sal vervul. Alleen die lewende God kan 'n "hoopvolle toekoms" verseker (Jer. 29:11).

4. ESKATOLOGIE AS VERVULLING

In die laaste oomblikke van die jongste dag - want die "laaste dag" het reeds begin (Hand. 2:17; Heb. 1:1; 1 Pet. 1:20; 2 Pet. 3:3; 1 Joh. 2:18) - breek die groot vervulling aan, die voleinding, die verheerliking, die konsummasie en word die ganse skepping getransformeer in 'n onvoorstelbare toestand van volmaaktheid en heelheid (1 Kor. 13:10; Matt. 13:39), 'n toestand wat die oog nie gesien, die oor nie gehoor en wat in die hart van die mens nie opgekom het nie (1 Kor. 2:9)(vgl. Kittel, 1964:697-698). Dan word die "volle verlossing voltooi" (NGB art. 37). Dan is die sonde opgeruim, die dood vernietig, die demone uitgeban en die verganklikheid opgehef (1 Kor. 15). Dan is God "alles in almal" (1 Kor. 15:28; vgl. Ef. 1:23; Kol. 3:11).

Beteken dit dat die eskatologie 'n terugkeer na die protologie is, dat die herskepping weer begin waar die skepping begin het (met die moontlikheid van 'n sondeval)? Nee, die eskaton is geen repristinasië nie maar konsummasie, geen terugkeer nie maar volmaking, geen verlenging nie maar verheerliking (Dijk, 1953:172-173; Berkhof, 1968:25, 63, 83; Berkouwer, 1961:268 e.v.). Die einde is méér as die begin, die eskaton het 'n plus bo die proton (Van Ruler, 1969:170-171; 1971:227). "Die nuwe is die oue verlos van alle gevolge van verderf en tot sy maksimale moontlikhede gevoer" (Heyns, 1978:391). Soos wat die historiese proses op die eskaton antisipeer, so is die eskaton die konsummasie van die historiese proses (Van Ruler, 1972b:115). Wat kóm, sal onvoorstelbaar heerliker wees as wat wás - en wat is!

Bavinck (1930:702) vat dit soos volg saam:

Alwat waarachtig is, alwat edel is, alwat regtvaardig is, alwat rein is, alwat liefelik is, alwat welluidt, in de gansche skeeping, in hemel en aarde, wordt in de toekomstige Godsstad saamgebragt, maar vernieuwd, herschapen, tot zijne hoogste heerlijkheid opgevoerd.

Of om met Van Ruler (1973:189) te spreek:

Het ewige leuen betref dan ook alle dingen. Het gaat niet slechts om een paar zielen of om een paar mense. Het gaat om de totaliteit van alles wat bestaan. Het gánse raadsel van de werkeliikhed word ontsluit. De ziel en het lichaam, de mens en de gemeenskap, de kerk en de staat, de mystiek en de kultuur, de geskiedenis en de natuur, de aarde en de kosmos - zij zullen alle delen, alles op zijn eigen manier, in het ewige leuen en in de glans van de heerliikhed Gods.

Nuut is die mense, nuut is die menslike samelewing, nuut is die aarde en nuut is die hemel. Alles nuut (Op. 21:5)!

Die plek van Christus

Oor die plek van Christus in die nuwe skeeping (vgl. I Kor. 15:24, 28) is daar uiteenlopende gedagtes waarvan dié van Van Ruler waarskynlik van die mees omstrede is. In verband met die magsoordrag van Christus aan die Vader praat Van Ruler (1947:92; vgl. 1972a:49, 112, 119) van die mensliikhed van God in Christus wat "ongedaan gemaak" word en dat Christus in 'n sekere sin sy heerskappy van sy mensheid na sy Godheid oordra. Die inkarnasie word in die eskaton opgehef (Van Ruler, 1969:171-173). Vir Van Ruler (s.j.:65) is Christus en sy werk nie doel op sigself nie, maar middel tot 'n doel. "Het ene, grote, stralende doel van alles is: het rijk van God en de geschapen werkeliikhed in haar definitief verlose gestalte." Dit is seker waar dat dit in die eskaton vir God om meer gaan as net die Eskatos (Jesus Christus) maar inderdaad ook om die eskata, om meer as net die verheerlikte Christus, want ook om die verheerlikte skeeping, maar tog oorskry Van Ruler myns insiens hier die grense van dit wat Skriftuurlik onthul is en beweeg hy hier te veel op spekulatiewe terrein (vgl. 2 Pet. 1:11; I Joh. 3:2; Op 11:15; 21:22) (Ridderbos, 1966:627-628; Berkouwer, 1963:237-254; Berkhof, 1973:558; Velema, 1974b:43; Van der Merwe, 1981:145; König, 1980:305).

In die teologiese beskouings van König (1980) dreig die gevaar dat die hele eskatologie in Christologie opgaan. Hy oordeel (1982:188) byvoorbeeld dat die verlossing "belangriker" as die skeeping is terwyl die skeeping "fundamenteler" as die verlossing is (om by 'n ander geleentheid weer te sê dat die verlossingsboodskap "fundamenteler" as die skeppingsboodskap is (1982:152)!) Waarskynlik is die terminologie ("belangrik", "fundamenteel") ongeskik om die verhouding tussen skeeping en verlossing (en eskatologie) sinvol te omskryf. Ek stem in dié verband met Van Ruler saam (1969:167; 1971:220-222, 227, 228; 1972b:113; 1978:33) dat dit in die eskatologie gaan oor God en sy geskape werkliikhed (eskata) en dat die ontologie nie opgaan in die soteriologie (Eskatos) en eskatologie nie.

Ons het reeds eerder genoem dat God alles nuut maak, nuwe mense, 'n nuwe samelewing, 'n nuwe aarde en 'n nuwe hemel. God red nie net siele nie maar mense, nie net

mense nie maar die mensheid, nie net die mensheid nie maar ook die aarde, nie net die aarde nie maar die ganse skepping. Dit is nodig om kortliks hierby stil te staan.

Nuwe mense

Nuwe mense sal die nuwe aarde bewoon. Dit is duidelik dat die Bybelse eskatologiese verwagting hom uitstrek ver verby die gedagte van 'n "verlose siel in die hemel" (Weber, 1972:753) en volkome ingaan teen die NAB-gedagte van 'n geinkarneerde siel. Daarom staan die opstanding van die liggaam so sentraal in die Nuwe Testament (1 Tess. 4:14) en gaan dit uiteindelik oor 'n "geestelike liggáám" en oor lfggame wat met "onverganklikheid" en "onsterflikheid" beklee word (1 Kor. 15:44, 52, 53). Die verlose mens sal "gelykvormig" wees aan die beeld van die verheerlikte Christus (Rom. 8:29; vgl. 2 Kor. 3:18, Fil. 3:21, 1 Joh. 3:2). Alle pyn en dood is dan weg (Op. 21:4).

'n Nuwe samelewing

Daar sal ook 'n *nuwe samelewing* wees, in die Apokalips voorgehou as die nuwe Jerusalem (Op. 21:2). Die mens wat as landbouer begin het, eindig in 'n stad! Dit is dus foutief om die stadsmotief slegs met die goddelose Babel te verbind en negatief daaroor te oordeel - 'n voortdurende gevaar vir die ortodoksisme - aangesien die Skrif ook 'n baie positiewe oordeel oor die stad as die nuwe en volmaakte samelewing uitspreek. Dit gaan dus vir die Here God nie net om die redding van individue nie maar inderdaad ook om die sáámlewe van mense sodat tereg opgemerk kan word dat "de samenleving van mensen is het hart van historie en eschaton" (Van Ruler, 1969:229). Terloops word hier opgemerk dat nie alle eenheidstrewes foutiewelik met die (sondige) Babelse eenheid vereenselwig moet word nie; daar is ook 'n eenheidstrewes wat op die Nuwe Jerusalem uitloop en wat nou reeds die stempel daarvan moet dra.

'n Nuwe aarde

En dan die *nuwe aarde*. Die aarde, hiérdie aarde, word nie vernietig nie maar vernuwe! So moet immers die "vergaan" van die aarde in 2 Petrus 3:10-12 verstaan word, aangesien daar 'n duidelike parallelie tussen die "vergaan" van die aarde in die tyd van Noag en die "vergaan" van die aarde op die jongste dag getrek word. Daar is dus geen sprake van 'n *creatio ex nihilo* nie (soos soms in die Lutherse teologie aangetref word) maar wel van 'n *creatio ex creatione*; daar vind geen vernietiging van die aarde plaas nie maar wel vernuwing in die sin van "suiwering" (NGB art. 37) (Augustinus, DCD 20:14, 16; 22:10, 19, 29; Bavinck, 1930:699; Polman, s.j.:312; Dijk, 1953:170-172; Van Ruler, 1971:222-225; 1972b:113; Berkhof, 1959:173; 1973:541-542, 561; König, 1980:298, 299; 1982:196; Weber, 1972:753-754; Pöhlmann, 1980:337).

Dit is wel 'n vraag of daar in die gereformeerde teologie altyd 'n *genoegsame* ope oog was vir hierdie kósmiese dimensie van die eskatologie (vgl. Schilder, 1954:221-229) en

of dit nie, selfs in die reformatoriese belydenisskrifte (NGB art. 27; HK 19:52, 22:58, 48:123), onderbelig is ten gunste van die "hémelse heerlikheid" nie (Jager, 1962:562). Wel ontbreek dit nie in die ouere gereformeerde dogmatieke nie (Heppe, 1978:706; oorspr. 1861; Honig, 1938:843-848; L. Berkhof, 1969:737), maar tog moet die vraag gestel word of die ortodokse eskatologie nie onder invloed van Calvyn (*Institusie*, 111, 25) (en moontlik Lutherse teoloë), baie sterk antroposentries, individualisties en 'ouranologies' gerig is nie. So staan daar byvoorbeeld by Lukas 20:27-40 (foutiewelik) die volgende opskrif in *Die Lewende Bybel* (1982): "Is daar 'n huwelik in die *hemel*?" en vind ons in die evangeliese dogmatiek van Boice (1986:703-720) eintlik niks oor die nuwe aarde nie en val die volle aksent op die hémel as eindbestemming. Te min is raakgesien dat dit in die geskiedenis en in die eskatologie gaan om die realisering van die koninkryk op hiérdie áárde, deur die oordeel heen. Dit is waar dat die koninkryk van Christus nie *van* (dit wil sê *vanuit*) hierdie aarde is nie (Joh. 18:36), maar tog is dit wel deeglik *vir* hierdie aarde (Matt. 12:28) (Jager, 1962:566).

Dit gaan oor die verheerliking van die totale werklikheid, want die Here God laat nie die werk van sy hande vaar nie. "Men kan niet grof genoeg over deze dingen denken" (Van Ruler, 1972b:114; vgl. s.j.:86). Ons moet dus uiters waaksaam wees vir 'n psigologiesies (net die siel word gered) en 'n ouranologies (die hemel is die eindpunt) verengde eskatologie (vgl. Berkouwer, 1961:276, 294, met verwysing na 'n uitspraak van Thurneysen en Brunner se reaksie daarop; Van der Merwe, 1981:159, oor die gesprek tussen Bonhoeffer en Barth). Die hemel is nie die einddoel nie (Van Ruler, 1973:186) maar 'n deurgang (tussentoestand) na die nuwe aarde en ons moet niks van die werklikheid inboet nie behalwe die sonde (Van Ruler, 1969:168. Dit gaan om die wederoprigting van alle dinge (Matt. 19:28).

Wat verbygaan, is nie die aarde self nie maar die (sondige) "gedaante" van hierdie wêreld (1 Kor. 7:31), "die wêreld met al sy begeertes" (1 Joh. 2:17). Die nuwe áárde is die woonplek van die sagmoediges (Matt. 5:5) en dit is hiérdie skepping wat eenmaal bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid (Rom. 8:21). Elke psigologiesiese, idealistiese en Platonistiese denke is aan die Bybel volkome vreemd. Uiteindelik word die volle aardse lewe herstel en vernuwe, ook die verhouding tussen mens en dier en dier en dier. Die tyd kom dat die wolwe en skape sal saambly en dat die luiperds tussen die bokkies lê, die kalwers, leeus en voerbeeste sal bymekaar wees en klein seuntjies sal vir almal sorg; koeie en bere sal saamwei en hulle kleintjies sal bymekaar lê, leeus sal gras eet soos beeste; babatjies sal by die gate van adders speel en klein kindertjies sal hulle hande uitsteek na giftige slange" (Jes. 11:6-9; vgl. 65:25; Eseg. 34:25-31; Hos. 2:17).

'n Nuwe hemel

'n Ander vraag is wat ons ons as die nuwe hemel moet voorstel. Dit is opvallend dat waar by sommige alle aksent op die *hemel* gelê word, by ander die hemel haas geen plek meer inneem nie (vgl. Berkouwer, 1961:270-271) of prakties met die aarde ver-

eenselwig word as "hemel op aarde" (König, 1980:302). Sonder om te ontken dat dit in die voleinding 'hemel op aarde sal wees', sou ek hier graag die *hemel* (ten minste) wou verstaan in die lig van die Ou-Testamentiese realisme van Genesis 1, naamlik as die son, maan en sterre. Die moderne ruimtevaart en astronomie het ons diep onder die indruk gebring van die onafheid van die uitdyende hemel bo ons. Ook hierdie hemel roep om bevryding van die verslawing aan die verganklikheid! Want nie net die aarde nie maar die ganse skepping word eenmaal volkome nuut!

Ek keer vir 'n oomblik terug na die vernuwings van die mens, of liever, na die nuwe mense. Wat sal hulle doen? Of sal dit 'n ewige niksdoen wees? Blykbaar nie, want ons lees dat hulle God sal "dien" en ewig sal "regeer" (Op. 22:3, 5).

As die volmaakte gekom het, sal ook die *liefde* volmaak wees (1 Kor. 13). Uiteraard sal die kenmerke van die koninkryk dan ten volle gerealiseer wees: vryheid, vrede, vreugde en geregtigheid (Rom. 14:17) (vgl. Küng, 1983:242, 255). Geregtigheid sal volgens 2 Petrus 3:13 'n besondere plek inneem. Alles sal reg wees, die mens se verhouding tot God, tot sy medemens en tot die skepping.

Daar zullen wij rusten en zien, zullen wij zien en liefhebben, zullen wij liefhebben en lofprijzen. Dat is wat er op het einde zonder einde zal zijn. Want welk ander einde is er voor ons dan het bereiken van dat koninkrijk, dat nooit een einde vindt? (Augustinus, DCD 22, 30.)

Dit mag wees dat hierdie uitspraak van Augustinus, in isolasie beskou, taamlik individualisties en akosmies daar uitsien (Küng, 1983:238-239), maar dit sou foutief wees om dit as die volle eskatologiese siening van Augustinus te beskou. "God sien"? Kán dit ooit moontlik wees (Eks. 33:20)? En tog praat die Bybel daarvan dat dié wat rein van hart is God "sal sien" (Matt. 5:8), dat ons eendag "alles sal sien soos dit werklik is" (1 Kor. 13:12), dat sonder heiligmaking niemand die Here "sal sien" nie (Heb. 12:14), dat ons eenmaal Jesus sal "sien" soos Hy werklik is (1 Joh. 3:2), ja, God se dienaars sal Hom "sien" (Op. 22:4). Hierdie "sien van God" het egter niks met 'n wesenskou van God te doen nie maar dui op die ten volle gerealiseerde verbondsgemeenskap met God waar alle vervreemding beëindig is (Op. 21:3) (Augustinus, DCD 22, 29; Berkouwer, 1963:184, 186; Velema, 1985:170).

5. PERSPEKTIEF: TUSSEN KWIËTISME EN AKTIVISME

Dit is duidelik dat daar tussen die Bybelse eskatologie en die toekomsverwagting van die NAB 'n hemelsbreë verskil is. Maar dit beteken nie dat ons die vrae wat deur die NAB opgeroep is nie ernstig moet bejeën nie. Samevattend wil ek graag die verskilpunte kortliks uitlig en daarna op die uitdaging van die kant van die NAB ingaan (vgl. Du Preez, 1991:147-151; Hoyt, 1987:226-246).

Die verskille

Wat die verskille ten opsigte van die eskatologie betref, moet in die eerste plek die kultuuroptimisme van die NAB van die hand gewys word. Die NAB wankel tussen mi-

te en utopie (Schorsch, 1988). Die Skrif ken geen vrede ryk sonder 'n finale oordeel nie. Gevolglik moet die ewolusionistiese tendens van die NAB ook afgewys word want ook dít ontken die laaste oordeel. Daarmee is nie gekies vir 'n pessimistiese ondergangstemming nie maar wel vir 'n geloofshouding van hoop op die lewende God wat sy beloftes waarmaak.

Tweedens moet die antropoteïsme van die NAB van die hand gewys word. Die Skrif leer nêrens die vergoddeliking van die mens of die vermensliking van God nie. Ook nie in die voleinding vervloei die grens tussen God en mens nie. Die Bybelse uitspraak dat God "alles in almal sal wees" mag in die lig van die totale Skrifgetuïenis nooit verstaan word as 'n vergoddeliking van die kosmos nie.

Derdens moet die NAB as gevolg van sy humanistiese sondeleer afgewys word. Waar dit in die menslike vermoë geleë is om homself te red, kan daar alleen sprake wees van 'n uiters oppervlakkige sondebeskouing. Hiermee is vierdens ook die NAB se verlossingsleer afgekeur: die Bybel leer dat die mens verlos moet wórd en dat hy homself hoegenaamd nie kan verlos of vergoddelik nie. Die "deel kry aan die Goddelike natuur" (2 Pet. 1:4) beteken in die konteks ook nie vergoddeliking van die mens nie. So is die soteriologie bepalend vir die eskatologie. Die konsekwensie van enige selfverlossingsleer is 'n uiters legalistiese etiek. Ter wille van volle duidelikheid: dit gaan nie oor die vraag óf die mens moet goeie werke doen nie maar oor die vraag na die áárd van die goeie werke: kan dit die mens verlos, ja of nee. Vyfdens, voortvloeiend hieruit, word die laaste oordeel in die NAB geminimaliseer en eintlik opgehef.

In die sesde plek moet die NAB se reïnkarnasieleer as onskriftuurlik verwerp word (Groothuis, 1986:150-152; Groothuis, 1988:85-105; Verkuyl, 1989:69-74; Gaum, 1978:61-66; voorts Geisler & Amano, 1986; Kranenborg, 1988, 1989). Die Skrif ken geen psigologistiese mensbeskouing waar die siel die belangrikste deel van die liggaam is en 'n ewige retoer moet onderneem nie.

Die Bybelse eskatologie is voller, ook hoopvoller, as dié van die NAB: dit bevat die grootse perspektief van 'n omvattende skeppingsvernuwing. Daarvoor staan God, die God wat nie kan lieg nie, borg. Hy sal dit bereik, mét mense en deur mense, dikwels ook buite mense om en soms téén hulle in.

Die uitdaging

Hiermee kan egter nie volstaan word nie. Dit sou tewens uiters eensydig wees, so asof ons die *antwoorde* wat die NAB gegee het moet verwerp saam met die *vrae* wat hulle gestel het. Aan 'n slegte antwoord kan nog altyd 'n goeie vraag ten grondslag lê. Dit is dus belangrik om op die uitdaging van die NAB te reageer.

Dit spreek eintlik vanself dat verskillende navorsers verskillende uitdagings sou

beklemtoon. So wys Veenhof (1990:88-94) byvoorbeeld op die volgende uitdagings: die betekenis van meditasie, die holistiese benadering van die mens (teenoor die digotomiese benadering), die relasie tussen God en wêreld (waar hy panteïsme en deïsme afwys maar versigtig vir 'n panenteïsme kies, myns insiens 'n gevaarlike begrip (Stoker, 1970:14)), die relasie tussen God en mens, en laastens, die vraag na ons Godsbeeld. Verkuyl (1989:86-104) weer sien die uitdaging van die NAB in die volgende: die besinning op die werk van die Heilige Gees, die reikwydte van die versoening deur Jesus Christus, die menslike inset vir totale transformasie van die wêreld, die taak van die wetenskap en wysbegeerte, die persoonlike getuienis. Van der Walt (1990:28) soek die antwoord in 'n onverdeelde lewe in diens van God op alle terreine van die lewe. Al hierdie aspekte is vanselfsprekend vir die teologie van die uiterste belang.

Wat vir ons tema - die eskatologie - baie belangrik is, is veral die aspekte van meditasie en transformasie. Die opgejaagde mens van die twintigste eeu het inderdaad 'n groot behoefte aan gemoedsrus en 'stille omgang met God', aan egte Bybelse spiritualiteit (vgl. Velema, 1990). Meditasie is belangrik, nie as 'n inkeer in jouself nie maar as 'n toewending na die lewende God. Geen wonder dat die *meditatio futurae vitae* by Calvyn (*Institusie*, 111, 9:2-4) so 'n belangrike plek ingeneem het nie, hoewel daar by hom aksente van 'n oorgeestelikheid aangetref word (vgl. Velema, 1990:118-121). Ons moet naamlik nie die hemelse saligheid oordink ten koste van ons aardse roeping nie.

Vir ons tema is eskatologiese prediking van die allergrootste belang. 'n Prediking waaruit hierdie aksent verdwyn het, moet inderdaad as 'hopelose' prediking getipeer word.

Voorts is ons aardse roeping en die transformasie van die samelewing uiters belangrik. Ons verskil nie van die NAB oor die belangrikheid van hierdie taak nie maar wel oor die *hoe* en *waarheen* daarvan. Die verwagting van die nuwe era van die NAB is gebaseer op religieuse humanisme, op die goddelike in die mens, op selfverlossing, terwyl ons van oortuiging is dat dit gebaseer is op die werk van Christus en die Gees (Verkuyl, 1989:96-97). Die verwagting van die volle realisering van die koninkryk beteken nie, so het ons reeds opgemerk, passiwiteit nie maar bring die hoogste aktiwiteit mee. Die koninkryk van God is immers haastiger en sneller as enige rewolusie (Noordmans, 1980:115; vgl. 1986:628). Die geskape werklikheid moet nie maar telkens filosofies anders geïnterpreteer word nie maar moet dinamies *verander* word in die rigting van die koninkryk (Moltmann, 1969:68, 101, 293-294). Vanuit die perspektief van die komende koninkryk is dit inderdaad belangrik dat die kerk hom sal besig hou met die problematiek van die moderne tyd soos byvoorbeeld oorlog en vrede, rykdom en armoede, verfraaiing en vervuiling, gesinsbeplanning en bevolkingsontploffing, natuurlike hulpbronne gebruik en misbruik, vigs ensovoorts.

Hierdie aandag vir die wêreld moet nie verkeerd verstaan word as sekularisasie nie

maar moet gesien word as vervulling van 'n roeping (Matt. 5:13-16). Natuurlik is daar die gevaar van aktivisme, ook politieke aktivisme, by die kerk, maar die ander gevaar van kwiëtisme is nie minder groot nie (vgl. Berkouwer, 1974:308). Die kerk sal tussen hierdie twee uiterstes moet deursteur en in die styl van die koninkryk moet handel.

In hierdie verband is die gevaar van kwiëtisme vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) tans die grootste, die gevaar naamlik om agter die sterk vesting van 'n soliede reformatoriese belydenis stelling in te neem maar die deurwerking van daardie belydenis in die konkrete lewe van elke dag te versaak. Immers, die suiwerste belydenis en die skoonste liturgie, die mooiste preek en die vroomste gebed, die beste lied en die gevoelvolste getuienis verloor hulle betekenis as ons dae ons woorde weerspreek (Op. 2:5). "Nie elkeen wat vir My sê 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hulle wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is" (Matt. 7:21).

6. BIBLIOGRAFIE

- AMANO, J.Y. & GEISLER, N.L. 1989. *The Infiltration of the New Age*. Wheaton: Tyndale.
- AUGUSTINUS, A.A. 1983. *De stad van God*. Baarn: Ambo. Vertaald en ingeleid door Gerard Wijdeveld. (Aangehaal as DCD.)
- BARTH, K. 1967. *Der Römerbrief*. Zürich: EVZ-Verlag.
- BAVINCK, H. 1930. *Gereformeerde Dogmatic IV*. Kampen: Kok.
- BERKHOF, H. 1959. *Christus de zin der geschiedenis*. Nijkerk: Callenbach.
- BERKHOF, H. 1968. *Gegronde verwagting: Schets van een Christelijke toekomstleer*. Nijkerk: Callenbach.
- BERKHOF, H. 1973. *Christelijk geloof: een inleiding tot de geloofsleer*. Nijkerk: Callenbach.
- BERKHOF, L. 1969. *Systematic Theology*. London: Banner of Truth Trust.
- BERKOUWER, G.C. 1961. *De wederkomst van Christus I*. Kampen: Kok.
- BERKOUWER, G.C. 1963. *De wederkomst van Christus II*. Kampen: Kok.
- BERKOUWER, G.C. 1974. *Een halve eeuw theologie: motieven en stromingen van 1920 tot heden*. Kampen: Kok.
- BOICE, J.M. 1986. *Foundations of the Christian Faith: A Comprehensive and Readable Theology*. Leicester: Inter-Varsity Press.
- BOSCH, D.J. 1991. *Transforming Mission: Paradigm Shifts in Theology of Mission*. New York: Orbis.
- CALVYN, J. 1559. *Institusie van die Christelike Godsdienst*. Boek 3. Potchefstroom: CJBF. Vert. H.W. Simpson, 1988.
- CAPRA, F. 1983. *The Turning Point*. London: Fontana.
- DIJK, K. 1953. *De toekomst van Christus*. Kampen: Kok.
- DU PREEZ, J. 1991. *Lewens- en wêreldbeskouing van die New Age-beweging*. *Ned Geref Teologiese Tydskrif*, 32(1):143-151. Maart.
- FERGUSON, M. 1980. *The Aquarian Conspiracy*. Los Angeles: Tarcher.
- FERGUSON, M. 1989. *Straight Answers on the New Age*. Nashville: Thomas Nelson.
- FLOOR, L. 1979. *Het gericht van God volgens het Nieuwe Testament*. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.
- GAFFIN, R.B. 1988. *The Holy Spirit and Eschatology*. (In 'n Woord op sy tyd: 'n Teologiese feesbundel aangebied aan professor Johan Heyns. Pretoria: NG Kerkboekhandel. p. 43-52.)
- GAUM, E.A. 1978. *Reinkarnasie*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- GEISLER, N.L. & AMANO, J.Y. 1986. *The Reincarnation Sensation*. Wheaton: Tyndale.
- GROOTHUIS, D.R. 1986. *Unmasking the New Age. Is there a New Religious Movement Trying to Reform Society?* Downers Grove: Inter-Varsity Press.

- GROOTHUIS, D.R. 1988. *Confronting the New Age. How to Resist a Growing Religious Movement.* Downers Grove : Inter-varsity Press.
- HEPPE, H. 1978. *Reformed Dogmatics. Set Out and Illustrated from the Sources.* Grand Rapids : Baker.
- HEYNS, J.A. 1978. *Dogmatick.* Pretoria ; NG Kerkboekhandel.
- HEYNS, J.A. 1986. *Teologiese etiek 2/1: Sosiale etiek.* Pretoria : NG Kerkboekhandel.
- HONG, C.C. 1961. *A History of the Future: A Study of Four Major Eschatologies.* Washington : University Press.
- HONIG, A.G. 1938. *Handboek van de Gereformeerde Dogmatick.* Kampen : Kok.
- HOYT, K. *ed.* 1987. *The New Age Rage.* New Jersey : Revell.
- JAGER, O. 1962. *Het eeuwig leven, met name in verband met de verhouding van tijd en ewigheid.* Kampen : Kok.
- JANSEN VAN RYSSEN, J.W. 1956. *Die Messias uit die aarde: 'n populêre verhandeling oor die Antichris.* Potchefstroom : Pro Rege.
- KITTEL, G. (*ed.*) 1964. *Theological Dictionary of the New Testament. Volume II.* Grand Rapids : Eerdmans.
- KRANENBORG, R. *et al.* 1988. *Reincarnatie, een veelzijdig perspectief?* Kampen : Kok.
- KRANENBORG, R. 1989. *Reincarnatie en Christelĳk geloof.* Kampen : Kok.
- KÖNIG, A. 1975. *Hier is Ek! Gelowig nagedink oor God. Deel I.* Pretoria : NG Kerkboekhandel.
- KÖNIG, A. 1980. *Jesus die Laaste. Gelowig nagedink oor die einde. Deel 2.* Pretoria : NG Kerkboekhandel.
- KÖNIG, A. 1982. *Hy kan weer en weer: Gelowig nagedink oor die skepping. Deel 3.* Pretoria : NG Kerkboekhandel.
- KÖNIG, A. 1990. *Bondgenoot en beeld. Gelowig nagedink oor die wese van die mens en die sonde. Deel 4.* Pretoria : NG Kerkboekhandel.
- KÜNG, H. 1983. *Eeuwig leven?* Hilversum : Gooi & Sticht.
- MACLAINE, S. 1983. *Out on a Limb.* New York : Bantam.
- MACLAINE, S. 1985. *Dancing in the Light.* New York : Bantam.
- MATZKEN, R.H. 1990. *New Age Handbook.* Amsterdam : Buijten en Schipperheijn.
- MOLTMANN, J. 1969. *Theologie van de hoop: Studies over de grondslagen en de konsekwenties van een christelĳke eschatologie.* Utrecht : Ambo.
- NOORDMANS, O. 1980. *Verzamelde Werken Deel VIII: Meditaties.* Kampen : Kok.
- NOORDMANS, O. 1986. *Verzamelde Werken Deel VI.: De kerk en het leven.* Kampen : Kok.
- OTT, H. 1973. *Die Antwort des Glaubens: Systematische Theologie in 50 Artikeln.* Stuttgart : Krenz Verlag.
- Ouweneel, W.J. 1988. *Het domein van die slang: Christelĳk handboek over occultisme en mysticisme.* Amsterdam : Buijten & Schipperheijn.
- OVERDUIN, J. z.j. *Het onaantastbare: Over de christelĳke hoop.* Kampen : Kok.
- PöHLMAN, H.G. 1980. *Abriss der Dogmatik.* Gütersloh : Gütersloher Verlagshaus Gerd Mohn.
- POLMAN, A.D.R. z.j. *Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis: Verklaard uit het verleden geconfronteerd met het heden. Deel IV.* Franeker : Wever.
- RIDDERBOS, H. 1950. *De komst van het Koninkrijk: Jezus' prediking volgens de Synoptische Evangelien.* Kampen : Kok.
- RIDDERBOS, H. 1966. *Paulus: Ontwerp van zijn theologie.* Kampen : Kok.
- SCHILDER, K. 1954. *Wat is de hemel?* Kampen : Kok.
- SCHORSCH, C. 1988. *Die New Age-Bewegung: Utopie und Mythos der Neuen Zeit.* Gütersloh : Gütersloher Verlagshaus Gerd Mohn.
- SCHULZE, L.F. 1989. *New Age: Herlewong van die 'old age'.* *In die Skriflig*, 23(92)48-59, Desember.
- STOKER, H.G. 1970. *Oorsprong en rigting. Band II.* Kaapstad : Tafelberg.
- VAN DER MERWE, H. 1981. *Verwagting en volcinding.* Pretoria : NG Kerkboekhandel.
- VAN DER WALT, B.J., FOWLER, S. & VENTER, J.J. 1990. *Die "New Age"-Beweging. Potchefstroom : IRS/PUCHO. Sept./Okt. (p. 1-32, 32-50, 51-75.)*
- VAN RULER, A.A. z.j. *De dood wordt overwonnen: 1 Korinthen 15 in morgenwĳdingen.* Nijkerk : Callenbach.

- VAN RULER, A.A. 1947. De vervulling van de Wet: Een dogmatische studie over de verhouding van openbaring en existentie. Nijkerk : Callenbach.
- VAN RULER, A.A. 1969. Theologisch Werk Deel I. Nijkerk : Callenbach.
- VAN RULER, A.A. 1971. Theologisch Werk Deel II. Nijkerk : Callenbach.
- VAN RULER, A.A. 1972a. Ik geloof: De Twaalf Artikelen van het geloof in morgenwijdungen. Nijkerk : Callenbach.
- VAN RULER, A.A. 1972b. Theologisch Werk Deel IV. Nijkerk : Callenbach.
- VAN RULER, A.A. 1973. Theologisch Werk Deel VI. Nijkerk : Callenbach.
- VAN RULER, A.A. 1978. Verwachting en voltooiing: Een bundel theologische opstellen en voordrachten. Nijkerk : Callenbach.
- VAN WYK, J.H. 1986. Gesindheid en gestalte. Pretoria : NG Kerkboekhandel.
- VEENHOF, J. 1990. New Age - Een uitdaging voor kerk en theologie. *Gereformeerd Theologisch Tijdschrift*, 90(2):84-95, Mei.
- VELEMA, W.H. 1974a. Ethiek en pelgrimage: Over de Bijbelsche vreemdelingschap. Amsterdam : Ton Bolland.
- VELEMA, W.H. 1974b. Christen zijn in deze wereld. Kampen : Kok.
- VELEMA, W.H. 1985. Geroepen tot heilig leven. Kampen : Kok.
- VELEMA, W.H. 1990. Nieuw zicht op Gereformeerde spiritualiteit. Kampen : Kok Voorhoeve.
- VERKUYL, J. 1989. De New Age Beweging: Kernbegrippen - beoordeling - uitdaging. Kampen : Kok.
- WEBER, O. 1972. Grundlagen der Dogmatik II. Neukirchen : Neukirchnerer Verlag.
- WENTZEL, B. 1987. God en mens verzoend. Godsleer, mensleer, zondeleer. Kampen : Kok.
- WILLIS, W. ed. 1987. The Kingdom of God in 20th-Century Interpretation. Peabody : Hendrickson.

